# tippet 100

**Ons pas klein hondjie op - Jack Russell, 3 maande oud – en hy leer my baie.**

**Robbie leef voluit. Hy snuffel agter elke struik. As hy hardloop, is dit volspoed op daardie kort beentjies. As hy in die sonnetjie slaap, is dit met oorgawe. As hy eet, vertel die swaaiende stertjie dat dit lekker is. En as hy skelm op die bank saam met my lê en rugby kyk, is dit vir hom soos hemel…**

**Waar verloor ons ons eie klein-hondjie manier van leef? Ons raak "gewoond aan" en "afgestomp oor" en leef halfpas. Ons moet beter…**



***"Go, Robbie, go!"***

**Francois Retief**

**18 Junie 2018**